**Skriflesing:** Hosea 5:15-6:6
**Tema:** Ons wipplank verhouding met die Here.

**Vooraf**
Hosea is vir 60 jaar ‘n profeet rondom die agtste eeu voor Christus. Dit is kort na Israel se goue jare. Die magtige verenigde ryk van Dawid en sy seun Salomo het verbrokkel in ’n Noord- en Suidryk: Israel, in die noorde en Juda in die suide.
Beide Israel en Juda het koning op koning sonder dat die verhouding tussen Noord en Suid herstel word. Die konings het almal in ’n meerdere of mindere mate ‘n verhouding met die Here. Ons sien periodes van draai na God, maar oorwegend verval. Israel in die noorde het wankelrige politieke verhoudings met Egipte en die skaduwee van Assirië word al meer dreigend.
Die taal is die van Here as ’n minnaar of bruidegom, wat verlang na die volk, sy bruid, se troue liefde en Hy sal alles doen om haar terug te kry. Tog bly sy wegdraai en sy liefde as’t ware wegwys.

In enige verhouding, ook ons huwelike, is iets van ‘n wipplank ritme sigbaar, hoogte- en laagtepunte, verstaan en misverstaan en verlief en vies wees. Hierdie op-af ritme is ook sigbaar in ons verhouding met die Here.

Die huwelik word in boek Hosea gebruik as beeld wat die verhouding tussen die Here en sy volk uitbeeld. Hosea se huwelik moes iets van Israel se geloofslewe, of dalk eerder gebrek aan geloofslewe, weerspieël  Daarom moet Hosea,  in opdrag van die Here met ’n prostituut, Gomer, trou. Haar onttrou wys iets van die volk se onttrou aan die Here.

Die name van Hosea en Gomer se kinders wys daarop dat die Here se geduld met sy volk op breekpunt is:
Die eerste kind se naam is Jisreël wat beteken God saai of strooi. God gaan die volk verstrooi oor hulle volharding in sonde en die aardse dinge waarop hulle hul sekuriteit bou.
Hul tweede kind is ‘n dogter en Here sê in Hosea 1:6: “Noem haar Sonder-ontferming, want Ek gaan My nie weer oor Israel ontferm en hulle sonde vergewe nie.”
Die derde kind is ‘n seun en Here sê in Hosea 1:9: “Noem hom Nie-my-volk-nie, want julle is nie my volk nie en Ek is nie julle God nie.”

Hosea se vrou is onttrou, tog neem hy haar, in gehoorsaamheid aan die Here, telkens terug. Hy koop haar terug.

Dit is presies wat die Here, as ons bruidegom, met ons doen. Hy het ons te lief omons in sonde ellende te los. Dit bly ’n hoogtepunt in ons wipplank verhouding met Hom. Hy straf sy volk vir hul sonde, maar sy liefde is groter as sy toorn. Hy sal nie sy volk uitwis nie. Hy is die een wat met sy volk voor en oor begin, ‘n genadige God wat ons ten alle koste verlos, vergewe en red.
Ons lees in Hosea 2:13 dat die Here weer sy volk die hof sal maak. Al was hulle onttrou, Hy sal hulle weer sy bruid maak. Hy verbind Hom aan sy volk.
En in Hosea 2:22 lees ons:
“Ek sal My ontferm oor Sonder-ontferming en haar vrugbaar maak in die land. Ek sal vir Nie-my-volk-nie sê: “Jy is my volk,” en hy sal vir My sê: “My God.”

Die Here verbind Hom weer en weer aan ons. In Hosea 11:8 sê Hy: “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Juda, kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.”

Al is ons onttrou, Hy koop ons terug deur sy Seun, Jesus Christus. Hy vergewe nie net ons sonde nie, maar seën ons met sy oorvloed. Die hoogtepunt van ons verhouding met die Here is Sy onveranderlike liefde en allesopofferende genade vir ons.

Die laagtepunt is dat die volk se liefde soos ‘n miswolkie is, dit verdwyn so vinnig soos dou. Israel het ontrou aan die HERE geword deur, saam met hulle offers aan Hom, ook die afgode en praktyke van heidense nasies na te volg.
Soos 'n vrou wat buite-egtelike verhoudings aangeknoop het, so het die volk, in plaas van om by die Here alleen hulp te soek, in die buiteland met Sirie, Assirie en Egipte gaan flikflooi en daaruit het die een oortreding na die ander voortgespruit.
Dit kan die HERE nie duld nie. 'n Mens kan nie die naam van gelowige dra, maar terselfdertyd op ander plekke hulp soek nie, dit is skynheilig. Sulke ontrouheid is 'n verbreking van die ooreenkoms tussen die Here en sy volk. Die volk het geen reg meer het om in die land te bly nie. Daarom sal hulle terugkeer na die toestand van slawerny soos destyds in Egipte.

Maar die HERE het Homself, soos ’n getroue minnaar, aan Israel verbind en gebruik die toestand van slawerny nie net as 'n straf nie. Hy sal nie net soos ‘n leeu verskeur nie. Hy wil veel eerder sy volk tot besinning bring en hulle opnuut laat terugkeer na Hom.
Hulle halfhartige offer- en vormgodsdiens gaan nie die verhouding met God herstel nie. Ook ons verhouding met God kom nie reg deur ons offers van erediensbywoning, gebed, diensbaarheid, dankoffer, bydrae of betrokkenheid by die kermis of deelname aan die sakramente nie, maar deur Jesus Christus!

Ons moet in geloof terugkeer na Hom. Ons moet ons skuld bely, vra na sy wil, dit doen en Hom alleen om hulp vra. Hy vra toewyding en liefde as offers. Kom ons maak ons opnuut vas aan die Here, ons wees getrou en ons span ons in om Hom groter lief te hê en beter te ken en te dien.

Wanneer dit gebeur, sal Hy ons opnuut uit ons sondeslawerny lei en weer in sy die beloofde land vestig.
“Kom ons gaan terug na die Here, want Hý het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hý het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind.” (Hosea 6:1)
Dit is nie nodig om swak te wees nie, Hy sal ons binne 2 dae aan die lewe kry. Dit is nie nodig om siek te wees nie, binne 3 dae is ons weer op die been en perdfris om voor Hom te staan. Hy sal ons gesond maak, ons wonde verbind, ons verkwik, ons sonde vergewe en ons krag en nuwe lewe gee.

**Afsluiting**
Vra 'n bietjie rond. Jy sal verbaas wees hoeveel mense sê dat hulle die Here as God aanvaar. Maar vra 'n bietjie dieper en jy kom gou agter dit is dikwels net oppervlakkig, ‘n goeie gewoonte. Ons aanbid nie Hom alleen nie. Ons het ook ander gode soos materialisme, ambisies en ontspanning wat ons aanbid.

Ons los nie die Here nie, maar ons vat Homook nie voluit nie. Die Here is nog in ons lewens, maar dikwels net vir noodgevalle. Die boek Hosea ontmasker dit as ‘n laagtepunt in ons verhouding met die Here.
Maar daar is ’n hoogtepunt, dit is die Here ons God wat ons te lief het om ons te los in ons laagtepunte en betrokke wil wees in ons daaglikse wel en weë.
Kom ons gee ons lewens hoe langer hoe meer in geloof aan Hom oor. Vir Hom is my en jou toewyding en troue liefde ’n hoogtepunt.
Amen